Erediens: **3de Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **16 Junie 2024 in Kroondal**
Preekteks: **Lukas 15, v 1-3, 11b-32**
Prediker: **Pastor Horst Müller**

Gesange:
Maandelikse lied Liedboek 547 Alle mense, klap jul hande
EG 353: Jesus nimmt die Sünder an 1-3
Weil ich Jesu Schäflein bin (nicht im Gesangbuch)
EG 353 Jesus nimmt die Sünder an: 4-5
Nagmaal:
EG 353 Jesus nimmt die Sünder an: 6-8
EG 355 Mir ist Erbarmung widerfahren
EG 354 Ich habe nun den Grund gefunden

[1]EN al die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad om na Hom te kom en na Hom te luister.
[2]En die Fariseërs en die skrifgeleerdes het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle.
[3]Toe vertel Hy aan hulle hierdie gelykenis en sê: [11b]'n Man het twee seuns gehad.
[12]En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel.....

Liewe gemeente,
Baie Bybelkenners neem aan, dat Jesus werklike gebeure uit die alledaagse lewe in die gelykenisse gebruik het, en dit dan effens verander het, sodat ons sal agterkom, hoe anders God die Vader gereageer het. Terwyl die gelykenisse vir ons soms moeilik is om te verstaan, was dit destyds baie duidelik vir die luisteraars – hulle het gebeure uit hul lewens, uit hul omgewing vertel – skandale en mooi dinge, alledaagse dinge en die buitengewone.
Ek wil nou hierdie gelykenis ietwat anders vertel, sodat ons onsself makliker daarin kan herken, want in hierdie gelykenis is daar dinge, waaroor jy jou kan vererg, andere wat jy baie goed kan verstaan, en nog andere wat totaal verbasend is.

So hier is my poging.

'n Boer, kom ons noem hom Victor, boer saam met sy twee seuns op die familieplaas. Hy het die besigheid saam met hulle uitgebrei, en saam, so te sê as familietrust, is hulle ook veronderstel om die plaas te erf. Veral Armin, die ouer een, is besonder toegewyd. Die jonger een, Jörg, is 'n dromer. Maar nogtans kom hulle goed met mekaar oor die weg. Elkeen het sy verantwoordelikhede. Vader Victor herinner hulle voortdurend

daaraan dat hulle hierdie plaas gaan erf en dat hul toewyding ook vir hul eie toekoms geld.
Op ’n dag kom Jörg by sy pa: Vader, die wêreld is baie groter as hierdie plaas. Ek wil graag uitkom en die wêreld verken, nuwe horisonne sien. Kan ek nie in plaas van die vennootskap my aandeel uitbetaal kry nie? Dan kan jy en Armin aangaan en ek sal nie in julle pad wees nie.
Almal weet dit kan nie sommer net so gedoen word nie – die plaas moet bewaar word. Om Jörg se aandeel uit te betaal, moet Victor en Armin skuld aangaan. Armin is kwaad, maar ook 'n bietjie verlig - nou is hy ontslae van die dromer. Hy het in elk geval altyd die gevoel gehad, dat hy baie meer pligsgetrou en harder as Jörg gewerk het. Hulle stem dus in, maak 'n groot lening by die bank, en Jörg kry sy aandeel oorgeplaas.
Twee dae later kom Jörg in 'n splinternuwe Porché Cayenne aan, om te groet. Armin is omgekrap, omdat Jörg so spandabelrig is. Maar dit is mos nou sy saak. Nou is hy weg, en dit is 'n goeie ding.
'n Paar jaar is verby. Victor en Armin het die skuld afbetaal. Bedrywighede verloop goed.
Op pad dorp toe sien Armin ’n ryloper langs die pad staan – stukkende klere, kaalvoet. Dit lyk ook nie of hy homself vir 'n geruime tyd gewas het nie. Jy kan dit selfs in die verby ry sien. Op een of ander manier lyk hy bekend, maar dit kan nie wees nie, want Armin ken nie sulke boemelaars nie – nóg onder die karwagte op straat nóg onder die bedelaars in die dorp. Hy moet van iewers anders wees. Beslis sal niemand hom saam vat nie. Wel, dit is nie sy probleem nie.
Toe hy saans by die plaas kom, is iets anders. Van ’n afstand af kan hy verskeie braaivleisvure sien brand, tafels is gedek en daar is baie bedrywighede. Snaaks – hoekom het pa niks gesê oor die reëling van 'n partytjie nie? Die hele omgewing blyk daar te wees. Verbaas vra hy 'n werknemer wat aangaan.
“Jou broer is terug en jou pa het al die bure na die partytjie genooi! Jou pa sê jy moet kom sodra jy hier aankom. Die vleis is reeds op die vuur!”
Nou weet hy hoekom die boemelaar so bekend gelyk het. Dit was Jörg. Heeltemal verslons. Nou herken hy hom ook tussen die gaste - vars gewas, geskeer, en gelukkig met SY, Armin se, goeie "smart-casual" klere aan.
Armin ontplof. "Ek kom nie," sê hy. “Ons moes jare lank werk om die skuld te delg omdat Jörg sy erfporsie laat uitbetaal het. En nou tree hy op asof niks gebeur het nie? Die enigste ding wat ontbreek, is dat hy wil terugkom.”

Wel, ek het nie alles vertel nie, maar genoeg, om te verduidelik, hoekom hierdie gelykenis ergernis in my veroorsaak.

Ergernis

Ek vererg my vir Jörg, wat net aan homself dink, wat nie die welstand van die familieplaas op die hart dra nie, wat nie omgee dat Armin en sy pa hard moet werk, om die skuld te delg, wat as gevolg van sy eise ontstaan het nie.

Ek is vererg dat die pa destyds daarby betrokke geraak het. Dit verbaas my nie dat Jörg binne 'n paar jaar sy hele erfporsie verspeel het nie. Laat hom gerus aanhou in vodde rondloop en kyk hoe hy oor die weg kom! Daarom vererg ek my veral oor sy aanmatiging om weer huis toe te kom. Hy wou glo as ’n plaaswerker werk. Hy moes konsekwent geweier het om sy pa se aanbod te aanvaar.

Begrip

Ek het volle begrip vir Armin. Dis totaal onregverdig dat die pa vir Jörg net so terugvat en hom dan Armin se goeie klere laat dra. En die “braai” vir die hele buurt? Nie eers hy het nog ooit so 'n fees gehad nie. Wat kos dit!
Armin, ek verstaan jou woede volkome.

Verbasing

Ek wonder oor die pa. Ek is verbaas, dat hy Jörg destyds nie net laat gaan het nie, maar hom selfs sy hele erfporsie betaal het.
Die werkers sê hy het Jörg dadelik herken toe hy vanmiddag met die pad aangekom het, en na hom toe gehardloop en hom omhels – vuilis en stank.
Toe Jörg hom vra om net as plaaswerker te werk, het hy hom nie laat klaarpraat nie.
"My seun - uiteindelik terug"
Geen verwyt, geen berispe nie – net vreugde dat Jörg, ten spyte van al sy mislukkings, dit gewaag het om na sy pa toe te kom.

Waar bevind jy jouself in hierdie storie? Ek is baie gereeld by Armin. Ek probeer, my Here ywerig dien, en vererg my oor mense, wat net aan hulself dink, maak nie saak watter skade dit vir ander veroorsaak nie. Die politici, wat die land wanbestuur het, die handelaar, wat my ingedoen het.
Maar dan besef ek met skok, dat ek soms ook 'n Jörg is - nee, ek leef nie in weelde nie, maar ek tree op asof ek net 'n dagloner, 'n plaaswerker is, omdat ek dit nie verdien om 'n kind genoem te word nie.
En skielik besef ek met verbasing, dat selfs Armin op hierdie stadium 'n Jörg is. Hy beskuldig die pa: Ek swoeg en werk en gun myself nie 'n partytjie nie, en hierdie seun van jou ontvang so 'n partytjie? "Wat myne is, is joune, my seun," antwoord die pa.
Armin, het jy vergeet dat jy nie 'n plaaswerker is nie, maar jou pa se seun? Mede-erfgenaam?

Ons noem hierdie gelykenis: “Van die verlore seun” - maar dit gaan eintlik oor die wonderlike Vader. Jesus wil die Vader wys – Sy Vader, wie se liefde ondenkbaar is. Hierdie Vader, wat hom na die mense toe gestuur het. Byna geen aardse vader sal doen, wat die hemelse Vader doen nie.
Hy gee vir ons vele geskenke met alles, wat ons nodig het vir die lewe, selfs dan, wanneer ons heeltemal van Hom af wegdraai, soos Jörg.

Hy verdra dit, wanneer ons die gawes mors en dit vir slegte dinge gebruik, en onsself in die proses vernietig.
Hy wag verlangend op die dag, wanneer ons tot ons sinne kom. En dan neem Hy ons in Sy arms en sê: My kind! Jy het teruggekom!

Ek vind dit altyd moeilik om dit te glo vir mense, wat net boos en sleg is. My wens is, dat ek, soos ons Vader in die Hemel, ook nie die hoop sal opgee, vir sulke mense nie, maar eerder bid en hoop, dat hulle tot insig sal kom.
Maar ek vind dit skokkend, hoeveel Armins daar in die kerk is. Mense, wat hul lewe lank getroue Christene is, maar met die gesindheid van plaaswerkers: Ons moet hard werk sodat ons 'n beloning kan kry. Met hierdie gelykenis nooi Jesus nie net die mislukkings om terug te kom nie, maar ook die gelowiges, om hulle uiteindelik te verheug dat hulle nie huurknegte is nie, maar erfgename. Dat ons ook kan feesvier en dankbaar kan wees met dit wat ons het. “My kind, jy is altyd by my, en wat myne is, is joune. Wees vrolik en hou goeie moed, wanneer 'n slegte persoon sy pad terug gevind het!"

Ons is op die punt om die nagmaal te vier. Op 'n stadium het dit ingesluip, dat ons met lang gesigte en hartseer uitdrukkings na die nagmaal toe moet kom. Soms is dit seker nodig. Maar eintlik is die nagmaal die fees van ons Here, wat sê: Ek is so bly dat julle hier is – julle getroues en julle mislukkings. Kom hier, julle is genooi! Kom, proe en sien hoe goed die Here is! Kom, wees bly dat die Here julle – elkeen van julle – in Sy arms neem, al weet Hy presies wat verkeerd geloop het.

Ek kan my nie genoeg in verwonder wees oor hierdie Vader nie!

Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net